# Help AfriForum die Anglikaanse kerk restoureer

**Rustenburg** – Bill McGill, Rustenburg se eie wêreldbekende kunstenaar, het op Woensdag, 15 November, 'n kunsuitstalling by die Hervormde Kerk gehou.

Gedurende die geleentheid het McGill een van sy skilderye aan AfriForum Rustenburg oorhandig van die geskiedkundige Anglikaanse kerkie wat meer as honderd jaar gelede in Rustenburg gebou was – waarop die *Platinum Weekly* koerant 'n ruk terug berig het.

Die kerkie het in die behoefte van menige mense gedurende Rustenburg se stigting in 1875, voorsien. Mettertyd het Rustenburg te groot geword en is die kerkie verskuif na die ou begraafplaas in Nelson Mandela Rylaan, waar dit steen vir steen oorgebou was.

Intussen het die vandale, wat ook die ou tronk-gebou, wat regoor die begraafplaas geleë was, saam met die kerkie totaal vernietig. Met die onlangse skoonmaakaksie van AfriForum, het hulle die kerkie heeltemal skoongemaak van al die jare se rommel en gemors.

"Ongelukkig het die Rustenburgse munisipaliteit Rustenburg totaal in die steek gelaat wat hierdie twee historiese plekke betref," aldus Johan Schoeman. "Die tronkgebou is totaal vernietig en is tans die skuilplek van misdadigers. "Ons vind ongelukkig dieselfde situasie by Kwaggapan sowel as by die Paul Bodenstein Park."

AfriForum is in die proses om die Anglikaanse kerkie ten volle te restoureer. Daarvoor is 'n spesiale bankrekening gestig vir Rustenburg inwoners, wat 'n bydrae wil maak om die kerk van 'n dak en mooi vensters te voorsien.

**Jy kan jou bydrae inbetaal by AfriForum NPC, FNB Centurion, takkode 261 550 en rekening nommer 623 4989 8398. Gebruik asseblief "AfriForum Rustenburg-kerk" as verwysing.**

Henry Hartley, 'n welbekende gesig in Rustenburg het die gaste trakteer met staaltjies uit Rustenburg se vervloë dae, toe almal nog met perdekarre en waens oor die weg gekom het. Henry het vertel van die Kloof water, wat deur middel van opgaar dammetjies, regdeur Rustenburg in kanale gevloei het. Gelukkige inwoners kon water-erwe bekom en moes by die plaaslike waterfiskaal aansoek doen vir lybeurte!




Van links: Braam Hatting, Bill McGill, Johan Schoeman en Piet Botha. Hulle is bestuurslede van AfriForum Rustenburg en het die geskenk van McGill ontvang.


Bill McGill se kunsuitstalling 'n reuse sukses!

QUINJATA
BOEREMARK
VLOOIMARK
2 Desember 2017 08H00
*Gratis toegang
*Stalletjies Beskikbaar teen R50.00
*Kontant Kroeg
*Koop en verkoop van enige iets nuut, oud, vars gebak en lekkergoed
Vir navrae en besprekings kontak gerus: Mary – 074 934 9492
Rita – 072 587 6721
DRAAI REGS BY DIE KLOOF OP DIE DONKERHOEK PAD VIR 3.8KM. SIEN QUINJATA BORD AAN REGTER HAND.

